*Afrika die Onbekende.*

# INBOORLING-SEPARATISTEKERKE IN AFRIKA

Weens gebrek aan materiaal vir verwerking, word by die behandeling van bostaande onderwerp veral stilgestaan by Suid-Afrikaanse toestande. Tog hoef dit nie as 'n groot gebrek beskou te word nie, aangesien Suid-Afrikaanse toestande tot 'n groot mate parallel is met dié van ander Afrikaanse gebiede. Ook word deurgaans gespreek van separatistiese „kerke". Eintlik is dit nie suiwere terminologie nie, want ons het hier eerder met sektes te doen — slegs om praktiese redes word die term „kerke" gebruik.

Kerklike separatisme, soos dit by die inboorlinge van Afrika voorkom, skyn die herdaarstelling te wees deur die inboorling, op wyses passend by die Afrika van die twintigste eeu, van sekere basiese Protestantse beginsels: bv. die beroep op die Bybel as outoriteit vir riglyne in handelinge van die daaglikse lewe sowel as die godsdiens; beklemtoning van die reg van elke gelowige om self die Bybel te lees en te verstaan en toe te pas; protes teen starheid en wetmatig-vasgelegde opvattings t.o.v. bv. etiek en samelewingsverhoudings; die beklemtoning van die plek van die nasionale ook in die kerk.

## I ALGEMENE OORSIG OOR DIE ONTSTAAN VAN DIE SEPARATISTEKERKE.

**REDES VIR ONTSTAAN:**

**A. Redes vir afskeiding van die Sendingkerk:**

Van alle interne faktore het die kleurskeidslyn in die kerk (veral in S.A.) die meeste bygedra tot die ontstaan van separatistiese bewegings. Die feit dat Suid-Afrika (waar die kleurskeidslyn die konsekwentste gehandhaaf is) van alle gebiede in Afrika die grootste aantal separatistekerke opgelewer het, skyn die stelling te bewys. Vir die Bantoe is sy afgeskeie kerk die logiese antwoord op die segregasiebeleid. Veral toe dit aan die begin van hierdie eeu duidelik word dat die beleid „Net vir Blankes-Europeans Only" ook geskryf word op die deure van die sendende kerke, het die Bantoe dit beskou as 'n inkonsekwente toepassing van die broederskap in Christus wat deur die kerke gepredik is. Ook diskriminerende wetgewing teen die nie-blanke is vertolk as in botsing met die evangelie van liefde wat die blankes predik. Buitendien was die Bantoe so gewoond aan apartheid oral dat hy gevoel het hy sou ontuis wees as hy saam met die blanke aanbid. Die Bantoe het dus die kerk wat deur die blanke beheer word begin beskou as een groot stuk huigelary.

Nou verbonde hiermee is die ontwaking van nasionalisme in Afrika en die blykbaar onoorkomelike houvas van die ou stamkultuur en -tradisies op die Bantoe. Omdat hierdie erfenis in die sendingkerk geen plek gehad het nie, kan die wegbreek van die moederkerk beskou word as uiting van 'n (dikwels onbewuste) innerlike opstand teen die miskenning daarvan. Die religieuse en kulturele erfenis kry 'n prominenter plek in die separatistekerke „caused no doubt by certain fundamental needs

and aspirations in the broad masses of these churches . . . ." (Sundkler p.55). Die sendingkerk was te Europees t.o.v. bv. liturgie en formulering van belydenis. Daarom kon 'n verantwoordelike Bantoekerkleier aan prof. Gerdener sê: „We must sooner or later so reform Church dogmas as to bring Christianity away from European cultural ideologies, down to within reach of Bantu cultural life". Die Bantoe het dus gevoel die sendingkerk is vir hom wesensvreemd: van 'n „interpretatio Africana" was nie sprake nie.

Verder skyn dit asof in S.A. met sy sosio-ekonomiese ontwikkelingsplafon waarbo hy nie kon uitstyg nie, die Bantoekerk aan die ambisieuse Bantoe eintlik die enigste wettige terrein bied waar hy sy opgekropte leiersambisies kan uitleef. Omdat vele sendende kerke geneig was om so lank moontlik selfstandigheid aan die sendingkerk te onthou, i.p.v. die kortste moontlike weg na selfstandigheid aan die sendingkerk te toon, is hierdie toestand vererger, want ook hier het die leiersfigure onder die Bantoekerkmanne gevoel dit is hoog tyd dat hulle kans kry „to manage or mismanage our own affairs". In 1946 met die afskeiding van die Namas van die Rynse Sendinggenootskap is dit deur hulle as een van die vernaamste redes vir die stap aangevoer.

Botsings oor geldelike en dissiplinêre kwessies het ook voorgekom tussen prominente Bantoeleiers en kerklike outoriteite. Een van die onaangenaamste botsings van die aard het plaasgevind tussen Mzimba en die Presbiteriaanse Kerk aan die einde van die vorige eeu. Mzimba wou geld wat hy in die V.S.A. en Skotland ingesamel het anders bestee as die kerklike owerhede en uiteindelik het hy en twee derdes van sy gemeente weggebreek. Dikwels het 'n Bantoeampsdraer en sy gevolg afgeskei weens persoonlike kwessies met die sendingleraar.

Naas die kleurskeidslyn beskou Sundkler die groot verskeidenheid Protestantse kerke („Protestant denominationalism") as die grootste faktor wat aanleiding gee tot die afskeidings. Die verskillende sendende kerke het nie as 'n eenheid tot die Bantoe gekom nie maar elkeen het sy eie karakteristieke „eensydigheid" gebring, sy eie soort „Christelikheid" en die wat van hom verskil, aangeval terwyl die „devotional heritage of the Church Universal" nie beklemtoon is nie. Die verskeurdheid van die kerk is dan nie vir die Bantoe iets vreemd nie. Sunkler se argument skyn gestaaf te word deur die feit dat by die Rooms-Katolieke Kerk byna geen afskeidings plaasgevind het nie. Ook in Nigerië het 'n selfstandige Negerkerk ontstaan na hewige botsings tussen verskillende sendinggenootskappe en -kerke.

Prof. Gerdener meen dat een van die hoofoorsake van die huidige golf van afskeidings toegeskryf kan word aan daardie „awkward stage of adolescense through which every individual must pass to manhood or womanhood . . . .". Die Bantoe ondervind hierdie oorgangstadium as 'n onwil om te buig onder blanke dissipline en leiding, en afskeiding volg dan eindelik as 'n emosionele uitbarsting. Die stadium sal later oorkom word.

Daar was egter ook **eksterne faktore**

wat hierdie afskeidings in die hand gewerk het.

Die belangrikste was seker kerklike invloede van die V.S.A. In die eerste stadium van die afskeidings het die African Methodist Episcopal Kerk (algemeen bekend as die A.M.E., 'n groot Amerikaanse Negerkerk) 'n groot rol gespeel. In 1906 was al ten minste 150 Bantoestudente uit S.A. in die V.S.A. vir opleiding in die teologie, o.a. L. M. Mzimba en Walter Dimba. Ook die kerke wat as Sionisties geklassifiseer kan word, het hul oorsprong aan Amerikaanse invloede te danke. Sundkler verklaar: „The fanciful names of Zulu Zionist Churches are only individual variations on a theme once intoned on the shores of Lake Michigan, U.S."

Die beweging wat in 1914 deur Marcus Garvey, 'n Jamaikaanse neger begin is, het sy invloed veel wyer as die kerk laat geld. Hy stig die „Universal Negro Improvement Association", noem homself „Provisional President of Africa", stig 'n „African Orthodox Church", publiseer „Negro World" en slaag daarin om die gedagte van 'n onafhanklike Afrika-kerk as 'n noodsaaklike instrument vir die bevryding van Afrika, te laat posvat. Veral in Wes-Afrika en die Kameroene is die invloed van Garveyisme vandag nog te bespeur, terwyl spore daarvan ook in S.A. aangetref word.

Ook hier speel sosio-ekonomiese moeilikhede 'n nie te onderskatte rol. In S.A. het die Naturellegrondwet van 1913 die Bantoe tot 'n groot mate verbitter, veral toe die sendende kerke nie daarteen protesteer nie. „At first we had the land and you had the Bible. Now we have the Bible and you have the land" skyn die algemene siniese opvatting te gewees het. 'n Opmerklike toename in die aantal separatistekerke onmiddellik na die passering van die wetsontwerp skyn die waarheid van die stelling te staaf. Ook na die wet op werkafbakening in die mynbedryf van 1926 het baie Bantoe wat as geskoolde arbeiders goeie verdienstes gehad het en dit nou moes neerlê, leiers geword van splinterkerke. Sunkler wil die gedurige stryd om staatserkenning hoofsaaklik toeskryf aan die feit dat die kerk dan grond mag aankoop en sodoende die sug na eie grondbesit tot 'n mate bevredig. So word die kerk dan 'n middel om stoflike voordele te bereik wat anders nie verwerf kan word nie. Die vasberadenheid om hierdie stryd te voer, blyk uit die woorde van biskop Mzimba: „The Bantu are determined to have their share not only of the task of living for Christ, but also of the blessings and the reward . . . ." In die Belgiese Kongo was ook 'n duidelike ooreenstemming tussen groot ekonomiese krisisse en die oplewing van profetiese bewegings. Dit skyn asof die onmag om die krisisse te bowe te kom, die hoop op uitkoms bo-kosmies rig — Messiaans. (Hodgkin sien 'n parallel tussen die Etiopiese kerkbewegings en die opkoms van die Metodisme in Engeland onder die werkersklasse toe hulle gestaan het voor die ontwrigtende uitwerking van die industriële Revolusie: in die „kerk" word die menslike waardigheid herstel; geestelike liedere, bidstonde, prediking, bring 'n „sense of exultation" en verlossing van die smerigheid en neerdrukkendheid van die

woontoestande; geluk in die hemel word verseker teenoor die armoede hier op aarde; hier het die mens iets „edels" waaraan hy hom volkome kan wy en wat naderhand vir hom onontbeerlik word). [1])

B. **Redes vir afskeiding by Separatistekerke:**

Die **interne faktore** wat afsplitsing by afgeskeie kerke veroorsaak, is drieërlei:

Die belangrikste is seker botsende leiers. Soos te verstaan is, as ons aanneem dat die Bantoekerk eintlik die enigste terrein is waar die Bantoe sy strewe na mag en prestige kan bevredig, sal daar in elke groep ambisieuse lede aanwesig wees wat daarop uit is om die leier na die kroon te steek. Behalwe in uitsonderlike gevalle waar die leier dissipline kon handhaaf, het die aanspraak op leierskap deur 'n welsprekende opkomende ster tot 'n skeuring in die betrokke kerk gelei.

Poligamie vorm 'n klassieke twispunt. Soms beweer die leier bv. dat hy in 'n droom twee beddens gesien het en dat die Gees dus verwag dat hy nog 'n vrou moet neem. Dikwels weier 'n gedeelte van sy volgelinge om hierdie vertolking van die droom te aanvaar, en 'n nuwe kerk word gestig met monogamie as sy sterk punt.

Parallel hiermee is ook die gevalle waar die huidige leier sou afwyk van die tradisionele belydenis van die Kerk. So het die African Castor-oil Dead Church ontstaan: „dead" omdat die huidige leier van die oorspronklike kerk nie die ou tradisionele „konstitusie" gevolg het nie en die lede van die nuwe kerk as gevolg daarvan dood was na liggaam en gees.

Die **eksterne faktore** wat by die separatistekerke aanleiding gee tot afskeiding, het veral te doen met stambotsings en bonatuurlike openbarings. Min separatistekerke bestaan uit lede van meer as een stam. Met sy afskeiding van die Presbiteriaanse Kerk kon Mzimba slegs sy stamgenote, die Fingos, oorreed om saam met hom af te skei terwyl die Xhosas lojaal gebly het. Tile het uit die staanspoor 'n suiwer Temboekerk gestig terwyl die Bantu Methodist Church in 'n Zoeloe- en Sothogedeelte geskei het.

Kenmerkend van die Sionistekerke is die groot waarde wat geheg word aan drome en gesigte. As iemand sou droom dat hy tot leier van 'n nuwe kerk geroep is, kan hy eintlik nie die bonatuurlike roepstem weerstaan nie. Natuurlik begin hy dadelik om sy medelidmate te oortuig van die geldigheid van sy roeping en spoedig tree hy uit en stig sy eie kerk. Of, as hy oortuigend genoeg klink, bly die oorspronklike

---

1) Hoewel hierbo die kleurskeidslyn, die ontwaking van nasionalisme en sosio-ekonomiese moeilikhede as afsonderlike faktore vir afskeiding by separatistekerke genoem word, is dit miskien wenslik dat die drie faktore as 'n eenheid gesien word. Dan word deur die invloed van al drie 'n geesteskiimaat geskep wat uiters gunstig is vir die ontstaan van separatistekerke.

Dit mag wees dat 'n oordrewe waarde geheg word aan die invloed wat hierdie faktore het (elkeen afsonderlik of aldrie saam) op die ontstaan van hierdie bewegings. Deur gebruik te maak van die bestaande bronne, moet egter tot die menings gekom word soos in die behandeling weergegee.

leier naderhand sit met slegs 'n handjievol volgelinge en hy tree uit sy oorspronklike kerk. [2]).

### ONTWIKKELING VAN DIE SEPARATISTIESE BEWEGINGS:

A. **In Suid-Afrika:**

Voordat die vloedgolf afskeidings gekom het, het die volgende sporadiese gevalle voorgekom:

1872: 'n Klein afskeiding van die Hermonkerk in Basoetoeland;

1884: Nehemia Tile stig sy Temboekerk na afskeiding van die Wesleyane;

1885: Stamhoof Kgantlapane vorm die Native Independent Congregational Church onder die Tswana;

1889: Klein afskeidings van Lutherane en Anglikane.

Die eintlike beweging ontstaan tussen die jare 1890 en 1910, veral weens die oorhaastige toepassing van die ideale sendingbeleid van 'n „self-supporting, self-governing en self-propagating Church." Veral onder die Zoeloe is die woorde ukusondla (self-support) en ukuziphatha (self-government) misverstaan en ontevredenheid ontstaan onder die Zoeloes wat voel dat hulle om geen rede belet word om self-onderhoudende en self-regerende kerke te stig.

In 1892 stig Mokone sy eie kerk omdat hy in die Wesleyaanse Kerk te veel rassediskriminasie bemerk. Hy noem dit die Ethiopian Church — veral op grond van Ps. 68:32: „Ethiopië („Kus" in die Afrikaanse Bybel) sal haastig sy hande uitsteek na God", asook Hand. 8:27 en ander plekke wat vir hom duidelike beloftes inhou van die kerstening van Afrika. Die volgende leiersfiguur is Dwane, wat van die Wesleyaanse Kerk afskei weens 'n geskil oor die besteding van gelde wat hy ingesamel het. Hy sluit aan by Mokone en saam met leiers van die ander afgeskeie kerke besluit hulle om noue aansluiting te soek by die A.M.E., die vernaamste Negerkerk in die V.S.A. O.l.v. Dwane sluit almal by die A.M.E. aan, en Dwane begin dadelik dinge op groot skaal organiseer. Van Rhodes vra hy verlof om sendingwerk in Rhodesië te doen en hy soek kontak met koning Menelik van Abessinië (Etiopië) om sendingwerk te doen in die Soedan en Egipte. Gedurende 'n besoek van die Amerikaanse biskop Turner, word die kerk deeglik georganiseer, grond vir 'n opleidingskool vir predikers aangekoop en gou klim die lidmatetal tot 10,000. Na 1899 breek Dwane met die A.M.E. omdat dit nie „African" genoeg is nie en hy soek aansluiting by die Church of the Province. 'n Groot gedeelte van die lidmate bly egter by die A.M.E. en o.l.v. die Amerikaanse biskop Coppin, brei dit steeds uit. Verder afskeidings was die in 1896 van die Zulu Congregational Church en die in 1898 van

---

2) Miskien moet die volgende faktor ook in aanmerking geneem word: By die kerstening van Europa is gewoonlik eers die vors tot die Christendom bekeer en daarna het die volk die Christendom aanvaar. Van die begin af was daar dus die gemeenskaplike trou aan die vors en die stam wat meegewerk het om die kerk 'n eenheid te hou. In Afrika is die koning (indien hy ooit so ver kom) van die laastes wat die Christendom aanvaar. Die sendingkerk kry sy lidmate as enkelinge, by wie die eenheidsband ontbreek. Geen wonder dat daar dus so 'n gebrek aan eenheid by hul „Christendom" is nie.

Mzimba wat afskei van die Presbiteriaanse Kerk. Nou was die afskeidings van die groep Etiopiese kerke in volle gang.

Die Sionistiese groep ontstaan veral onder invloed van die Christian Catholic Apostolic Church in Zion, in 1896 deur Dowie in V.S.A. gestig. Die vernaamste belydenisstukke was geloofsgenesing, drievoudige onderdompeling by die doop en die wederkoms van Christus is naby. Daniël Bryant het die eerste groep bekeerlinge in 1904 in Johannesburg gedoop, en kort daarna is die beweging aansienlik versterk deur die bekering van ene P. L. le Roux, wat met groot ywer bekeringsveldtogte loods en nie-blanke helpers oplei. In 1915 laat Le Roux die Bantoekerk oor aan sy nie-blanke helpers. Die vernaamste afskeidings het voor 1920 plaasgevind onder leiding van Paulo Mabilitsa, Daniël Nkonyane, J. G. Phillips, Elias Mahlangu en Fred Luthuli. Ook die Wagtoringbeweging (sendingafdeling van die Jehovagetuies) het 'n groot invloed in Sentraal-Afrika.

Verskeie pogings is aangewend om hierdie separatistiese Kerke te verenig. In 1929 het 7 Etiopiese kerke die United Churches of Christ gestig en hul leier soek kontak met die A.N.C. om 'n hegter eenheid op landswye basis te bewerkstellig. 'n Byeenkoms is belê vir 16 Desember 1931, maar geen vordering is gemaak nie. In 1939 het die A.M.E., veral deur die inspirasie van dr. Nhlapo, 'n vereniging probeer bewerkstellig. In 1944 het die bekwame en invloedryke A. W. G. Champion ook sy aandag gewy aan die moontlike vereniging van die kerke. Die voordele en noodsaaklikheid van so 'n vereniging is deur almal erken, maar die leiers het nie kans gesien om hul posisie in te boet of „to be unequally yoked with people who, though Christians, ate medicine or pork . . ." (Sundkler p.52).

'n Genealogie van die verskillende separatistekerke toon aan dat die vernaamste moederkerke Kongregasionaliste, Metodiste en Sioniste was, hoewel daar baie min sendingkerke was wat nie op die een of ander stadium lidmate weens sulke afsplitsings moes afstaan nie. Uit die volgende opsomming kan die groei van die beweging by benadering aangedui word: in 1904 was daar 3 kerke met 25,000 volgelinge (die drie kerke was die enigstes deur die staat erken;

| | | |
|---|---|---|
| in 1918 was daar | 76 | kerke |
| 1923 | 130 | |
| 1932 | 320 | |
| 1946 | 1300 | (1,089,479 volgelinge). |
| 1951 | 2000 | (1,509,295 volgelinge). |

Uit die jongste statistieke blyk dat slegs die Metodistekerk 'n groter persentasie aanhangers het onder die Bantoechristene as die separatistekerke (nl. 12.9% en 9.7% resp.).

Wat die lidmatetal van die kerke betref, bied die volgende opsomming 'n goeie beeld: van die omvangrykste organisasies wissel dit tot baie klein groepies (die syfers geld vir 1948):

A.M.E. het 8,000 lidmate op die Rand alleen;

Bantu Methodist het 3,000 lidmate op die Rand;

Bantu Methodist of S.A. het 3,000 lidmate op die Rand;

African Congregationalist het 3,000 op die Rand en 45,000 altesaam;

Zion Apostolic Faith Mission 3,500 op die Rand;

Zion Christian Church het 30,000 (veral in Noord-Transvaal en die Rand), Shembe se Nasireërkerk het 50,000 (veral in Natal).

Die volgende is voorbeelde van kerke met 'n lidmatetal wat heeltemal anders is as wat van hul name verwag kan word:

Nations Church of Christ in Africa het 53,

Jerusalem Meeting Apostolic Church of Christ Son of God het 54,

Church of God Apostolic Jerusalem in Zion het 50,

Almighty God Church het 24,

Only Church of God het 25,

Holy Catholic Church of S.A. King George Win the War Native Anglican het 62.

Die lidmaatskap is baie wisselend, en iemand kan maklik aan 10 kerke behoort het voordat hy uiteindelik rus vind in een wat hy self stig. Vandag is dit kenmerkend dat die meeste splintering plaasvind in die geledere van die separatistekerke self. Die hele proses van splintering verloop met groot wetmatigheid in drie stadia:

oorspronklike afskeiding - van Etiopiese of Sionistiese kerk;

periode van konsolidasie en groei van die nuwe kerk,

nuwe krisis en afskeiding.

Tussen die afgeskeie kerke en die sendingkerk is baie min kontak op offisiële vlak. Die sendingkerk en sendende kerke is gewoonlik taamlik antipatiek gesind teenoor die separatistebewegings, omdat die Christelike waarhede verdraai word en hulle bowendien 'n geringe kerstenende invloed het weens die praktyk om eerder lidmate van die periferie van die sendinggemeentes af te rokken as om self sendingwerk onder volslae heidene te doen. Die offisiële beleid van sendende kerke is baie wisselend t.o.v. die separatistekerke: die Geref. Kerk beskou hulle as „half-christene" en tree baie versigtig op by toelating van individue of gemeentes tot die geledere van die Geref. Sendingkerk. Die N.G. Kerk het 'n wisselende standpunt: so word die A.M.E. in die notule van die Sinode van die N.G. Sendingkerk in die O.V.S. (1931 en 1937) „susterskerk" genoem. Geen definitiewe pogings is aangewend om die afgeskeie kerke terug te bring na 'n suiwerder belydenis nie; „the Churches themselves have hitherto been satisfied with studying the separatist phenomena. Here and there voices have gone up . . . that the prodigal son must be prayed for . . . ." (Gerdener, p. 199). T.o.v. die lidmate self, is noue kontak tussen die van die sendingkerke en die separatistekerke algemeen: hulle woon deurmekaar en kom gedurig met mekaar in aanraking. 'n Uitwisseling van gedagtes vind plaas en die wedersydse beïnvloeding van lidmate is algemeen.

B. **Buite S.A.:**

In byna elke gebied suid van die Sahara kom die separatistekerke voor. Ons gee kortliks aandag aan die paar wat die meeste aandag getrek het:

**Kenia:** Dini ya Roho (Kulte van die Heilige Gees): In 1916 deur Alfayo gestig o.g.v. drome. In 1935 kry die beweging nuwe impetus toe 'n nuwe leier (Lowe) opnuut begin drome droom en gesigte sien. Die kulte ontwikkel sy eie religieuse boeke in 'n geheime skrif en kry ook sy eie „middelaar" met hul „God". (Die „Messias" was Paulo Rangenya, 'n kluisenaarbroer van die hoëpriester). Kenmerkend van die sekte is die seremonies met trombegeleiding, besetenheid en uiterste luidrugtigheid van die byeenkomste.

Matu wa Mungu (Manne van God): Kom in 1942 onder aandag van die owerheid as 'n heeltemal vreedsame groep, met miskien sporadiese tekens van passiewe verset teen inenting van beeste, verpligte arbeid vir die owerheid, ens. In 1947 het dit verander tot 'n fanatieke sekte wat glo dat die koeëls van die blanke wat teen hulle gebruik word in water sal verander, en spoedig in 'n bloedige opstand teen die regering kom.

Dini ya Misambwa (Kulte van die Goeie Geeste): Is in 1946 gestig deur Elia Masendi, 'n voormalige sendingarbeider wat pas (teen advies van die owerheid) uit 'n sielsieke-inrigting ontslaan is. Vanaf Junie 1947 word dit 'n geheime organisasie. Masendi predik dat hy 'n openbaring van God ontvang het dat Hy 'n swart Messias sou stuur om die volk van blanke oorheersing te verlos indien al die blankes uit die gebied verjaag sal word. Hy gee voor dat hy, benewens profeet van God, ook 'n magtige medisyneman is en dat hierdie kombinasie sterker is as enige Christen. In 1948 volg 'n noodlottige botsing met die owerheid.

**Uganda:** Malakiete: Gestig in 1913 deur Malaki Musajakawa. Vernaamste geloofsbelydenisstukke is: gebruik van medisyne is verbied (gegrond op Deut. 18:9-11) en God is Almagtig. Die beweging groei geweldig, bou sy eie kerke, stel predikante aan en doop op ontsaglike skaal (2,000 op een dag). Die leier word in 1917 gevang omdat hy die wet om passe te dra veronagsaam het. Die teenstand, veral teen die inenting van beeste, bereik 'n hoogtepunt in 1929 met 'n moorddadige aanval op 'n vee-inspekteur. Malaki word verban.

**Nyasaland:** In 1915 vind 'n opstand onder John Chilembwe plaas. Chilembwe probeer om na sy terugkeer uit die V.S.A., waar hy aan 'n Baptistekollege opgelei is, sekere sektes saam te voeg tot een kerk. Hy beplan ook die uitmoording van sekere plantasiebestuurders en stel self die voorbeeld deur een se kop af te sny en daarmee voor hom op die preekstoel te preek. Die opstand word onderdruk en 20 inboorlinge tereggestel.

**Noord-Rhodesië:** 'n Fanatieke godsdienstige beweging, die Wagtoringbeweging, ontstaan in 1906. Geïnspireer deur die „Millennium Dawn" van Russell, sien die aanhangers uit na die vrederyk wat sal kom na die verdrywing van die witman. Kenmerkend was die letterlike interpretasie van die Ou Testament en onbuigsame puriteinse morele eise. Die aanhangers hiervan bots met die owerheid, veral oor metodes van passiewe verset. Die beweging is

ook verbind met die Chilembwe-opstand en die Kitawala van die Kongo.

**Ghana:** Apostolic Revelation Society begin in 1939 o.l.v. C. K. N. Wovenu. Deur sy opregtheid, geloofsgenesing en Bybelse prediking maak hy gou naam en spoedig het sy beweging gegroei tot 60,000 lede, met 'n eie hospitaal, busdiens vir siekes, primêre en hoërskole en opleidingsentrum vir predikante.

**Ivoorkus:** Veral die Harrisbeweging verdien hier die aandag. In 1914 is dit begin deur William Wade Harris wat eenvoudig en opreg leef; gehoorsaamheid aan die owerheid predik: roof, drank en owerspel verdoem en alle fetisje laat vernietig. Toe sy beweging te magtig word (120,000 lede), is Harris na Liberië verban. Die permanente karakter van hierdie beweging is merkwaardig en selfs die Islam is tot 'n mate teruggedryf voor die aanslag van sy prediking.

**Nigerië:** Die United African Church skei af van die Church Mission Society (1891), omdat lg. te min „African" was. Dit verdedig poligamie „wherever that is the custom of the people . . . . It (the Church) abhors the forcing of monogamy or foreign system of marriage among its members . . . . since it cannot be proved from the Holy Scriptures that polygamy is a sin . . ."

Tydens Wêreldoorlog II word ene Elia II ('n voormalige evangelis van die St. Andrewskerk) bekend weëns sy drome en profesieë; ¾ van sy voormalige kerk volg hom en bely dat die gebruik van alkohol en medisyne ten sterkste verbied is. Die beweging koel aanmerklik af toe Elia in die tronk beland, maar bly tog voortbestaan as „Christ's Army".

**Belgiese Kongo:** Die Kimbangubeweging ontstaan net na Wêreldoorlog II onder Simon Kimbangu, wat verklaar dat hy 'n goddelike roeping ontvang het om 'n genesingsveldtog te onderneem. Hy lok groot skares wat hom aanhang veral a.g.v. die wondergenesings deur hom gedoen. Die skares weier om te werk en bied weerstand teen verpligte inenting. Kimbangu is gevang en ter dood veroordeel (later versag tot lewenslange gevangenisstraf).

Kitawala, die plaaslike tak van die Wagtoringbeweging, het ook 'n groot invloed uitgeoefen op 'n aantal politieke bewegings.

Dit is opvallend dat die separatistebewegings steeds groei. Leerstellige kwessies vorm slegs in geringe mate aansporing tot afskeiding, maar stamverskille en rasseverskille tree al sterker op die voorgrond. Die belangrikste gemeenskaplike band is die pro-Afrikaanse gevoel wat al dikwels in 'n antiblanke gevoel ontwikkel het.

## II. KARAKTERISERING VAN DIE SEPARATISTEKERKE:

### A. Hoofindeling:

Sundkler onderskei twee hoofgroepe in die separatistiese kerkbeweging: Etiopiese en Sionistekerke. Die **Etiopiese kerke** (so genoem omdat vir die Bantoe Etiopië die onafhanklikheid van blanke beheer simboliseer) is selfbesturende Bantoekerke wat of van sendingkerke afgeskei het of weer van die afgeskeie kerke weggebreek het. Kenmerkend by hulle is hul tweeslagtigheid: hul beklemtoon Bantoekontrole oor die

kerk, maar die Bybeluitleg en kerklike organisasie is dikwels presiese weergawes van die eie aan die oorspronklike moederkerk. Die **Sionistiese Kerke** is enersyds 'n kopie van die Amerikaanse „revivalist"-spruite en andersyds van die tradisionele Bantoegodsdiens. Die naam kom van 'n vertolking van Hebr. 12:22. „Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tienduisende engele". Die Sioniste is 'n aparte gemeenskap van die heidene en ander Christene en word gekenmerk deur taboes, kleredrag, ritueel ens. Johannes die Doper is eintlik die sentrale figuur in die Sionis se Bybel.

Die grense tussen die twee groepe kerke is dikwels vaag en word al vaer hoe verder die verwydering van die moederkerk vorder. 'n Neiging tot wedersydse aanpassing is merkbaar.

B. Gemeenskaplike Kenmerke van Etiopiese en Sionistiese Kerke:

Hierdie Kerke is byna almal van Protestantse oorsprong. Die Rooms-Katolieke Kerk beskuldig dan ook die Protestante daarvan dat wanneer hulle die Bybel plaas in die hande van die inboorlinge en persoonlike studie en toepassing van die waarhede aanmoedig, sulke afskeidings verwag moet word. Die Portugese owerhede het selfs die Protestantse sending in hul gebiede belet omdat dit die „advance guard" is van nasionalisme. „To tell a person he is able to interpret the Bible freely, is to insinuate to him an undue autonomy and turn him into a rebel . . . . A Protestant native is already disposed towards . . . . the revolt against civilising peoples . . . . ." (Hodgkin p.98). Die werklike gevaar van 'n letterlike en vergesogte interpretasie van die Bybel blyk daaruit dat verskillende religieus-nasionale organisasies die inboorlinge as die verdrukte Israel beskou het wat die juk van Egipte moes afwerp. En hierdie juk is nie net as 'n politieke juk beskou nie, maar ook as 'n godsdienstige.

Dat ons hier te doen het met bewegings gekenmerk deur 'n sterk nasionalistiese inslag, is duidelik. Veral in die Kongo was „the language of politics at the same time the language of religion . . . . ." (Hodgkin p.95) Sundkler praat van die ontstaan van hierdie sektes as „an escape into history" — die glorieryke verlede wat deur die blankes beëindig is. Hier word die geskiedenis herbore en geprojekteer in 'n Etiopiese Utopië. Daarom vind ons onder die Zoeloes die Zulu Shaka Church: 'n groot nasionale figuur word 'n kerkvader. Die slagspreuk „Africa for the African" het miskien sy suiwerste vertolking gevind by die Etiopiese kerke waar dit ook ontstaan het en by hulle vind ons diskriminasie tussen swart, gekleurd en blank in die ergste graad: die Bantoe se antwoord op die politieke apartheid waaraan hy niks kan doen nie. In 1904 het Brander van die A.M.E. afgeskei omdat hierdie Amerikaanse Negerkerk nie „African" genoeg was nie. Die strewe om al hoe meer tipies „African" te word, lei naderhand tot 'n onhoudbare sinkretisme van die nasionale erfenis en die Christendom. Die Zulu Congregational Church het selfs geprobeer om die titel „nasionale Kerk van die Zoeloes" te verwerf deur die

band met die koninklike geslag so nou moontlik te bind. Die Sionistiese kerke wat so hard probeer om 'n „tertium genus" te vorm teenoor die ander Christene en hulle nog heidense stamgenote, kan soms nie die trek van tradisioneel-nasionale gebruike weerstaan nie (bv. deur die deelname aan die seremoniële offer van bier en pap by die ukubuyisa-seremonie). Opmerklik is dan ook die stamstruktuur in die organisasie van die kerk. Die strewe na 'n eie stukkie grond waarop die lede dan kan woon soos 'n stam, is algemeen. Hier beklee die leier (indien hy lid is van die koninklike geslag, soveel te beter) 'n stewige gesagsposisie en word bygestaan deur 'n kern van sy volgelinge wat help met die organisasie van die kerk en dien as skakels tussen die leier en sy volgelinge — seker 'n oorblyfsel van die stelsel van opperhoof, raad en stamlede. In die stadsgebiede met sy ontstamde Bantoe kom dikwels 'n klasstruktuur voor, nie net in elke kerk self nie, maar die kerke kan self ook in klasse verdeel word: hoe meer Etiopies en hoe nader aan die moederkerk (bv. A.M.E.), hoe meer lidmate is van die opgevoede klas: regsgeleerdes, dokters, joernaliste en hoe meer Sionisties die kerk word, hoe minder ontwikkeld is die lidmate.

Kenmerkend van die kerke en aansluitend by die vorige, is die magsposisie wat die leier beklee. Dikwels word die kerk selfs vernoem na die sterk man en kampvegter aan wie dit sy ontstaan te danke het, bv. African Congregational Church lika Mvuyana (d.w.s. van Mvuyama). Selfs alle kerkeiendom behoort aan die leier bv. Jesaja Shembe het self die plaas gekoop waarop sy kerk gevestig is en hy was onbetwiste heerser wat selfs kon bepaal wie van sy grond afgesit kon word. Die erflike leierskap herinner aan die stamstelsel, en 'n bekwame leier se seun kan lank teer op die reputasie van sy vader indien hy nie dieselfde uitstaande karaktereienskappe geërf het nie. Indien die kerkleier ryk is, word sy posisie daardeur verstewig, want in so 'n geval word die status van die kerk vanselfsprekend verhoog (Shembe het bv. 'n boedel van £30,000 nagelaat). Verskeie faktore werk mee om die leier bo die massa te laat uitstyg: verwantskap met die koninklike geslag en geleerdheid by beide die Sionistiese en Etiopiese tipes. By die hoofmantipe-leier wat veral by die Etiopiese kerke aangetref word, is dit veral isithunzi (prestige), 'n ondefinieerbare eienskap of groep eienskappe, terwyl by die Sionistiese tipe met sy profeettipe leier, die ideale leier 'n gesondmaker moet wees wat 'n bonatuurlike roeping ontvang het en volkome op hoogte is met die kulturele en religieuse erfenis van die stam. Dikwels maak die leier gebruik van 'n klousule in sy kerk se konstitusie om hom van 'n onaantasbare posisie te verseker: „The Bishop directs the policy of the Church and its entire discipline is at his own discretion. The Bishop has the sole control and charge of the Church . . . ." (Limba se konstitusie vir die Bantu Church of Christ).

Elke kerk wil graag plattelandse en stedelike takke hê om steeds aan sy lidmate (tot 'n groot mate trekarbeiders) 'n geestelike tuiste te kan

verskaf. Bowenal verhoog dit die status van die kerk aansienlik indien dit met 'n kantoor in Johannesburg kan spog. Veral 'n leier van 'n Etiopiese kerk hou daarvan om vanuit 'n kantoor sy kerk (stedelik sowel as plattelands) te beheer, terwyl die plattelandse verteenwoordigers daarvan hou om lywige posstukke met die Johannesburgse posstempel en die indrukwekkende seël van die kerk daarop, te ontvang. Vir die stedelike Sionis is die reservaat met sy groen heuwels (Sions) en waterstrome en fonteine (Jordane en Betesdas) die plek waarna hy gedurig verlang, want om in die besige stedelike omgewing en vuil waterslote mense te doop en te genees, gaan maar moeilik.

Die kerklike organisasie is gewoonlik gebrekkig. Die meeste kerke is hopeloos „over-staffed", bv. Holy Communion Church het 160 lidmate en 5 predikante; Christian Catholic Apostolic Church in Zion het 1130 lidmate, 12 predikante en 2 dekens; die Ethiopian Church in Christ het vir die bediening van sy 2092 lidmate 3 „overseers", 14 priesters, 9 dekens en 10 evangeliste en „missionaries". Om hierdie ampsdraers te onderhou stel hoë eise aan sowel die gemeentes as die ampsdraers. Vergoeding van £1.5.0, £2 en £3 per maand is dus algemeen. Tog is daar uitsonderings ook: die Zulu Congregational Church betaal tot £25 per kwartaal en die African Congregational Church (met sy filiaal African Congregational Church Co. Ltd.), kan nog 'n hoër besoldiging bekostig: die waarde van die vaste eiendom alleen is £20,000. Ook ander kerke, bv. die van Shembe, Lekgayane en Limba is betreklik ryk. Gewone kerklike bydrae word bereken teen 4 tot 5 sjielings per jaar. As bykomende inkomstebronne word konsertverkopings gehou, spesiale dankoffers gevra by doop, belydenis, nagmaal en oestyd, en by die erediens word kollektes gehou.

Die katkisasie van lidmate en die opleiding van predikante is gewoonlik elementêr. Die Etiopiese kerke naaste aan die oorspronklike sendingkerke, stel die hoogste eise. Die A.M.E. vereis std. VI vir toelating van studente tot die opleidingskool te Evaton. Gewoonlik behartig die leier (wat met Std. VI spog) self die opleiding van predikante. Geleerdheid bring groot prestige mee: „Whereas one scarcely ever hears a leader referred to as a fine Christian (ukholiwe kakhulu), it is very common to speak with awe and admiration of some bishop, who actually may have only passed Std. III or IV, as very learned (ufunde kakhulu)!" (Sundkler p.125). Daarom is dit nie verbasend nie dat predikers wat eers helpers was by senddingkerke, hoog in aanvraag is by die sektes. Die lae standaard van opleiding van predikers word deur Sundkler beskou as die „Achilleshiel" van die hele beweging.

Opvallend is die prominente rol wat vroue speel in sowel die Etiopiese as die Sionistiese kerke. Sy Sionistiese kerke skyn hul geskik geag te word vir enige amp, en die vroulike lidmatetal oortref die manlike lidmatetal aansienlik. Die bekendste voorbeeld van vroulike leiding is die Holy Apostle Mission Church in S.A., wat in 1943 deur Lucy Mofokeng gestig is. In die Christian Catholic Apostle Stone Church

in Zion of S.A. ontvang geskikte vroue 'n sertifikaat vir verlof „to preach the Gospel of Jesus Christ, to pray for the sick, and to bury the dead, to Consecrate children, to Administer the Lord's Supper, to Baptize believers, to Solemnize marriages . . . . . " Dit skyn asof die emosionele instellng van vroue hulle baie geskik maak vir die aktiwiteite van Sionistiese kerke. In Etiopiese kerke kan die vroue nie dieselfde ampte van regering as die mans bereik nie, maar speel tog 'n onmisbare rol in die kerklike lewe — ook deur vroue-organisasies.

Ten slotte merk ons dat in die Kerke 'n aantal saambindende faktore werksaam is om die eenheid te bewaar. Anti-blanke gevoel is miskien die sterkste. Aan die begin van 'n nuwe Sionistiese kerk mag dit die apokaliptiese boodskap van die leier wees (die einde van die wêreld is naby en slegs die skape van sy kudde is veilig). Die persoonlikheid van die leier is van groot belang: die forse, doelgerigte leier oorskadu sy weifelende, miskien demokratiese teenstander. Die kenmerkende gewoontes, taboes ens. beklemtoon ook die eenheid.

### C. Kenmerke van Etiopiese Kerke:

T.o.v. die leiers van die Etiopiese kerke is kenmerkend die strewe na bekwaamheid in administrasie en die maak van 'n waardige indruk. Hulle probeer die tradisionele koninklike houding nastreef: die oorspronklike vurige orasies en revolusionêre uitkyk maak plek vir 'n geduldige luister, wyse uitsprake en gewigtige verklarings van die koning. Die organisasie van die kerk — vanuit Johannesburg — geniet besondere aandag ten einde alles so ordelik en doeltreffend moontlik te kry.

Omdat die Etiopiese kerke gewoonlik nadere verband het met die moederkerke, speel die prediking nog 'n sentrale rol in die erediens. Die inhoud en preektrant herinner sterk aan die van die sendingkerk van 50 jaar gelede. Gewoonlik word van perikope gebruik gemaak by die prediking.

### D. Kenmerke van Sionistiese Kerke:

Die kerk sentreer om die leier, wat dikwels 'n „Swart Christus" word en in elk geval 'n direkte gesant van God. Selfs voordat die Bantoe met blankes in aanraking was, het hulle al „profete" met die titel Modimo (God) vereer (bv. die Tswana). Veral Jesaja Shembe dra in S.A. die titel van Messias. Vir sy volgelinge is hy die sigbare, begrypbare godheid, „a man who walks on feet and who heals with his hands, and who can be known by men, a God who loves and who has compassion . . . . ." in teenstelling met die God wat eers aan hulle gepredik is „who has neither arms nor legs, who cannot see, who has neither love nor pity . . . ." (aanhaling deur Sundkler uit 'n preek van Johannes Shembe). Skynbaar was daar twee stadia in Jesaja Shembe se selfgetuienis: eers verklaar hy homself as die profeet van die Zoeloes, maar later verklaar hy homself iets meer te wees: die Beloofde Een (uThemukile). In een van die liedere deur Shembe geskryf leer hy dat die verlossing wat eens deur Jesus vir die Jode bewerk is, nou deur hom in Zoeloeland vir die Zoeloes

bewerk word. Die groot teologiese probleem in die Sionistiese Kerke: is Jesus die Christus ook vir die Bantoe? is dus vir die Nasireër-sekte opgelos. Om finaal as 'n groot profeet erken te word, moet die leier aan twee groot vereistes voldoen: die mag tot genesing besit en uit die dode opgestaan het — vereistes waaraan talle voorgee te voldoen. Dit skyn asof in Midde-Afrika 'n egte swart Messias meer algemeen voorkom as in S.A. veral om verlossing te bewerk uit sosio-ekonomiese moeilikhede.

Die roeping van die profeet geskied gewoonlik deur 'n droom waartydens die toekomstige profeet na die hemel gaan en daar deur God beveel word om heen te gaan en mense te genees en te verkondig dat die dag van die Here naby is. Die vermoë om genesing van siektes te bewerkstellig, is 'n baie sekerder waarborg vir die egtheid van die roeping as enige ander eienskap. Die werksaamheid van die Heilige Gees in die persoon word deur dié vermoë bo alle twyfel bevestig.

Sonder uitsondering bely die Sionis dat hy aan die uitverkore volk van God behoort. Daarom moet hulle ook onderskei en afgeskei word van die res van die wêreld deur kenmerkende kleredrag: wit in S.A., kakie in die Kongo. Die herderstaf met die kruis aan die punt is ook onontbeerlik vir die profeet. Verder dien die rituele vermydinge (taboes) om hierdie uitverkorenes van die gewone volk te onderskei. Taboes t.o.v. voedsel is veral sterk teen die eet van varkvleis (vir baie was dit dus 'n uitgemaakte saak dat die Duitsers die twee Wêreldoorloë sou verloor). Verder moes lyke vermy word, asook medisyne, sterk drank, tabak en onnodige gepraat. Omdat die Sioniste so 'n tertium genus vorm, is die verhouding tussen hulle en die stamhoofde gewoonlik sleg. Ook onder die gewone volk is hulle nie gewild nie — veral weens hul rustelose swerwende aard en hooghartige houding en dikwels voorkomende neiging tot skelmstreke (bv. die wegvoer van hubare meidjies).

Omdat elke gelowige lidmaat gedurig in kontak is met die bonatuurlike en daaroor nie mag swyg nie, bied die sektes veel geleentheid vir die uitleef van die eie persoonlikheid. Die uMoya-kulte (umoya=gees — vir hulle die Heilige Gees) is een van die grondstene van hul belydenis en elke ware gelowige moet dit besit. Die uMoya manifesteer sigself as piëteit en goeie Christelike gedrag en as die som van 'n aantal bonatuurlike gawes waarvan glossolalie die hoogsgeagte is. UMoya is nie afhanklik van sakramente of selfs lidmaatskap van die kerk nie, maar vervul wie hy wil. As aanvulling by die openbaring wat gegee is in die Bybel (d.w.s. veral Levitikus, Deuteronomium en die gedeeltes wat handel oor Johannes die Doper) kan die Gees 'n openbaring gee d.m.v. die profeet of enige lidmaat, gewoonlik deur drome. Die openbaring moet egter geskied d.m.v. vasgestelde droomformules wat volgens vasgestelde metodes geïnterpreteer word. Van elke lidmaat word verwag dat hy van sy drome moet vertel, maar aan vrye droomstof word nie soveel waarde geheg as aan die wat ooreenstem met die gykte simboliek nie. Dat die groot

waarde wat aan subjektiewe belewing van die werking van uMoya geheg word, soms 'n toestand van histerie opwek, is te verwagte: „and he found men and women stripped naked, rolling on the ground in frenzy and frothing at the lips . . ." (Farson p.237). Soms lei dit tot allerhande belaglike dade en eise wat toegeskryf word aan inspirasie van die Gees: „By the permission of the Holy Ghost we marry two or three wives. O, Sirs, we are not doing this on our own, but we are empowered by the Holy Ghost and God . . . . ." (aanhaling deur Sundkler uit 'n brief van die leier van die Jerusalem Apostolic Church in Africa).

'n Knaende rusteloosheid is 'n verdere kenmerk van die Sioniste. Op die platteland swerf die profeet van plek tot plek en onderrig sy gevolg al gaande. Ook in die ritueel is die rusteloosheid en verwarring kenmerkend. Of dit nog altyd die werking van uMoya is en of dit 'n dryfkrag uit die onderbewussyn is tot 'n soeke na waarheid en rus, is moeilik om te sê.

Die liturgiese handelinge sentreer rondom stelle ritusse — veral wat met reiniging, genesing en die lewer van getuienis te doen het. Die gebruik van medisyne word bestry, want Jesus het met handoplegging en gebed genees. Inderdaad bestaan daar spesiale inrigtings slegs vir genesing van siekes — genoem Betesdakerke (so genoem n.a.v. die geneeskragtige bron van Betesda van die N.T.). Hierdie Betesdakerke is selfstandige kerke of afdelings van bestaande Sionistekerke. By die behandeling van siekes speel reinigingseremonies (veral d.m.v. braak- en purgeermiddels) 'n belangrike rol, waarna onderdompeling in 'n spesiale watergat plaasvind en miskien ook 'n byeenkoms op die besondere kerk se Sion. Die „pasiente" bestaan veral uit kinderlose vroue wat so hoop om verlos te word van die grootste ramp wat 'n Bantoevrou kan tref. Die verdere liturgiese handelinge bestaan uit skuldbelydenisse en getuienisse (wat meesal die preek vervang het). Om te skreeu word as vereiste gestel vir die lewering van 'n waarlik geïnspireerde getuienis. Daarna volg gebed, sang, godsdienstige danse en soms feeste. Ook van die sakramente is reinigingsrituele gemaak: die doop bestaan uit herhaaldelike onderdompeling na die lewer van 'n skuldbelydenis. Die herhaling van onderdompeling is nodig om te verseker dat daar nie dalk 'n onbenatte deel van die liggaam oorbly waaraan sondes mag kleef nie. Na elke skuldbelydenis is so 'n doop eintlik nodig. Die viering van die nagmaal ('n baie seldsame gebeurtenis) word voorafgegaan deur strenge taboes en reinigingseremonies. Dit skyn asof die nagmaal verdring word deur voetwassingseremonies — veral weens die verbod op die koop van wyn. Die simboliek van die reinigingseremonie is duidelik verstaanbaar en bowenal: die seremonie word nie by „wit" kerke aangetref nie.

Vir die Sionis vorm toordery 'n groot bedreiging, en die leier bestee veel tyd daaraan om dit te bestry. I.p.v. net die gebruiklike heidense seremonies te volg om die toormiddele of towenar te vind, maak die profeet ook gebruik van gesange en gebede. Die beswering van weerlig vorm 'n tweede belangrike

aspek van sy anti-toorbedrywighede. Die gewone teenmiddel is om twee of meer lang pale met wit vlae bo aan by die stat in te plant, dikwels met 'n klein kruis onderaan vas. Ook ruik die profeet sondige dade (en die bedrywers daarvan) uit en diagnoseer siektes.

Die verwagting van 'n nuwe aarde en nuwe hemel is baie konkreet. Daar is 'n hek wat bewaak word deur iemand wat alleen die sleutels daarvan besit, en hierdie persoon help slegs die gelowiges om in te kom. Soms word verskeie hekke aangeneem, bv. 12 vir blankes en 1 vir nie-blankes of Mesag se hek vir blankes, Sadrag s'n vir die Bantoe en die van Abednego vir Indiërs en Kleurlinge. Algemeen is ook die opvatting van 'n „reversed colour-bar" in die hemel: alle blankes word deur die „Swart Messias" weggewys, want soos die ryk man het hulle al hul deel van die goeie op aarde ontvang. En bowendien: een ras kan nie by die hek van 'n ander ingaan nie.

Ten slotte moet nog beklemtoon word dat groot waarde geheg word aan die naam van die kerk. Die naam moet eintlik 'n samevatting wees van die belydenis en deur bv. na Apostels, Jerusalem en Sion in dieselfde naam te verwys „they secure for their Church a supernatural bond with these holy guarantees and they signify a charter showing the spiritual strength of the Church . . ." (Sunkler p.59).

'n Oorsig oor hierdie kenmerke bring nog 'n aspek na vore: ons het hier te doen met 'n fantastiese stuk sinkretisme van hedendaagse sosiale toestande, heidense kulturele en religieuse erfenis en die nuutontdekte Bybel. Die Sionistiese Kanaän dra 'n baie besliste „African" karakter.

## III. POLITIEKE INVLOED VAN DIE SEPARATISTIESE KERKE:

Hoewel baie van die Inboorling-separatistekerke as oorwegend godsdienstige bewegings begin, vind ons by die meeste van hulle vanuit die staanspoor 'n nasionalistiese tendens wat al sterker word totdat die kerke later meer politieke instellings word as institute van gelowiges. Dit skyn asof die inheemse kultuur en die nasionale erfenis en aspirasies van die inboorlinge eerder die Christendom omvorm as dat die Christendom die nasionalisme omvorm, bv. die volgende vervlegting en verbuiging van die Apostoliese Geloofsbelydenis wat in Ghana aangetref word:

„The People's Creed, 1950.

„I believe in Kwame Nkrumah, the virile leader of Ghana, founder of the Ghana schools and colleges, and in the dynamic C.P.P., his only Party, our refuge, which was conceived by the inspiration of the times, born of the masses, suffered under the „Emergency Regulations", persecuted, truncheoned and hypnotized.

„In the third month it arose again from the lethargy, and stretching its wings, flew to the sun. Instilled with more tenacity of purpose, and dynamism than ever before, swore the oath of allegiance to the fearless leader and liberator in prison; thence he will come to propagate the truth towards our liberation and put both the suffered and the unsuffered in their proper places.

„I believe in the sacred inspiration of the times, the holy crusade of liberation, the conception of the sage, the liquidation of Imperialism, the restoration of our right, and the life everlasting. Amen".

Aan die ander kant verklaar gesaghebbendes dat die waarlik gelowige Kikuyus een van die sterkste bolwerke was teen die verspreiding van die Mau-Maubeweging.

Tog is dit moeilik om uit te maak wat presies die verhouding is tussen hierdie godsdienstige kultes en die verskillende politieke bewegings wat in Afrika ontstaan en bestaan het. 'n Diepgaande studie wat die verskynsel oor die hele Afrika dek, is nog nie gemaak nie. Negley Farson dui die hele netelige vraagstuk soos volg aan: „They say . . . . that these fanatic religious cults which are now breaking out like boils all over the body politic of Africa, come from something deep down, some common cause which is poisoning the bloodstream of the black continent, something so deep and desperate in the African's mind, his sub-consciousness, that to look at it for merely its possible political significance, its anti-European aspect, would be taking a superficial attitude. But whatever it is may be as hard to identify as what it is that causes cancer . . . ." Na bespreking van 'n aantal van hierdie kultusse, kom hy tot die slotsom: „It is folly to assert that these cults have no political significance."

Wanneer hierdie bewegings en politieke uitbarstings in Afrika met mekaar vergelyk word, is dit dan ook duidelik dat hierdie godsdiens van die Bantoe dikwels 'n prominente rol gespeel het in sy politieke aspirasies (iets wat seker nie nuut is in die wêreldgeskiedenis nie). Die volgende verskynsels spring in die oog:

Van die godsdienstige bewegings wat tot politieke uitbarstings gelei het, vind ons twee soorte. Een soort is uit die staanspoor anti-blank en selfs revolusionêr. Die Dini ya Misambwa wat deur die waansinnige Elia Masendi in Kenia gestig is, moes binne twee jaar met wapengeweld onderdruk word. Die vereniging het met sy aksievergadering byeengekom by Lugulu — die plek waar die inboorlinge jare tevore 'n laaste heldhaftige veldslag gelewer het teen die oprukkende Britse magte. Die tweede soort beweging ontstaan as suiwer godsdienstige, maar namate die getalle toeneem, word dit 'n politieke faktor van betekenis. Die Matu wa Mungu van Kenia was in 1942 nog heeltemal vreedsaam en het nie eers die seremoniële pyl en boog gedra nie, omdat die regering dit verbied het. Vyf jaar later het al die lede kort swaarde gedra „with the intention of using them . . . ." (Farson p.266). Ook die beweging van Kimbangu in die Kongo was in die begin taamlik onskuldig, totdat die groot getalle van sy volgelinge Kimbangu genoop het om baie hulppredikers te kry. Hy kon natuurlik nie kontroleer wat hulle gepreek het nie. Sommiges se boodskap was dat vuur uit die hemel die blankes sou verteer op 21 Oktober 1921, en andere het voorspel dat 'n Amerikaanse Neger sou kom om sy broeders van blanke oorheersing te verlos.

Dikwels was die vuurhoutjie in die

kruitvat 'n botsing tussen landswette en die voorskrifte van die geloof. „When, for instance, there is communal work to be done in one place, the Arathi are led by the Holy Ghost to visit another. The dictates of Authority, in fact, must be obeyed until they differ from the directions of the Holy Ghost, in which case the latter must prevail. Up to now the Holy Ghost would rarely appear to see eye to eye with Authority . . . . ." 'n Skuilgaan agter geloofsoortuiging as rede vir dwarsboming van regeringsbeleid, kan natuurlik katastrofale gevolge hê, bv. wanneer beeste nie gedip of mense nie geënt mag word nie, omdat die Bybel die gebruik van medisyne sou verbied. In die geval van die Kimbangubeweging het die Bantoe in groot getalle van hulle werk weggebly in afwagting van die komende vrederyk wanneer die blankes sou verdwyn het.

Wanneer 'n begeesterde, welsprekende Bantoeprofeet hom daarop toegelê het, kon hy dikwels sy volgelinge opsweep tot 'n toestand van „simmering excitement" wat hulle in heeltemal redelose wesens verander het. Hiervan is die Bulhoekopstand wat in 1921 by Queenstown voorgekom het, 'n sprekende voorbeeld. Henog Mgijima het in 'n droom gesien hoedat 'n bobbejaan (deur hom as die Bantoe verstaan) twee wit regerings (niks anders as die Afrikaners en die Engelse) vernietig. Hy en sy Israeliete sekte begin toe militêre driloefeninge uitvoer by hulle tabernakel in voorbereiding vir die groot sege wat wag. Toe die sekte volstrek weier om enige regeringsbevel na te kom en hul voorbeeld aansteeklik begin inwerk op die Bantoe van die omgewing, is 'n afdeling polisie en soldate gestuur om wet en orde te handhaaf. Toe die massa Bantoe in 'n toestand van geestelike vervoering al singende en kierieswaaiend nader, het die polisie wat nie wou skiet nie, teruggeval — iets wat deur die Bantoe as swakheid vertolk is en ook as 'n onbetwisbare bewys van die waarheid van Henog se profesie dat die koeëls van die witman in water sou verander. Uiteindelik was die blanke mag genoodsaak om te skiet en 200 Bantoe het gesneuwel. In Kenia het dit gebeur dat die leier van die Matu wa Mungu godsdienstige liedere oor 'n luidspreker sing terwyl sy volgelinge besig is om 'n polisie-offisier aan stukke te kap. Kenmerkend van hierdie fanatieke uitbarstings is dat nadat dit so 'n hoogtepunt bereik het, dit skielik wegsak en verdwyn „its perpetrators hardly feeling any guilt . . ." (Farson p.229).

Wanneer hierdie bewegings staatsgevaarlik geword het, was kragtige optrede van die kant van die regering gewoonlik voldoende om die geesdrif te demp. Soms is die slagoffers egter as martelare beskou en hulle lyding was vir hulle volgelinge 'n inspirasie tot steeds kragtiger aksie. Veral in die Kongo het dit bygedra tot die versterking van hierdie bewegings. Byna elke sekte kon spog met 'n leier wie se bloed gevloei het vir die saak waarvoor hy gestaan het: Mwana Lesa, stigter van die Kitawala is in 1926 opgehang en in 1944 is twee volgende leiers opgehang; Kimbangu is in die tronk oorlede en nog vele ander is verban.

Nie altyd was hierdie bewegings die

beginpunt van 'n opstand nie, maar dikwels is die hulp van hierdie bewegings ingeroep nadat 'n opstand in 'n ander oord georganiseer is. Die bekendste voorbeeld is seker die waar Harry Thuku in Kenia 'n „formuliergebed" aan verskillende van hierdie kerke gestuur het met die versoek dat dit gedurig gebid moes word . . . Die inhoud het neergekom op 'n afsmeek van die seën van God op die opstand. Ook was die belangstelling van Garvey en Champion in die geestelike welvaart van hul volgelinge in die eerste plek deur politieke motiewe geïnspireer.

Tog moet ons nie dink dat die verhouding tussen die staat en hierdie bewegings altyd sleg is nie. Die algemene beleid skyn te wees dat die staat hulle verdra solank hulle nie met die staatsbelange en -wette bots nie. In S.A. word 'n aantal deur die staat erken en kry daardeur die voorreg om grond te koop, reiskonsessies word aan predikante toegestaan en hulle word deur die staat as huweliksbevestigers erken. Aan die ander kant: omdat daar al so baie botsings was tussen hierdie bewegings en die staat, is die blanke regerings baie wantrouig ingestel.

Dit moes seker die dryfvere gewees het tot die drastiese optrede van die regerings van die Ivoorkus en Belgiese Kongo teen Harris en Kimbangu. In geen van die gevalle het lede van die bewegings werklik tot geweldpleging oorgegaan nie.

Ook die blanke bevolking is soms baie skepties teenoor hierdie soort „christendom" en staan dikwels antipatiek teenoor die sending „for educating the African to such a degree as to make subversive leadership possible . . ." (Groves, Deel IV p.63). Omdat die afskeidings veral van Protestantse sendingaksies afkomstig was, plaas dit inderdaad die Protestantse belydenis in 'n baie slegte lig by die owerhede en die volk.

## BEOORDELING

Dit bring ons dan ten slotte by die beoordeling van hierdie verskynsel van Inboorling - separatistekerke in Afrika. Prof. G. B. A. Gerdener reken dat „the outbursts and mistakes are part of a process of growth, in which readjustments and clumsiness occur. Considering the vacuum between the protected life in the communal tribal structure and our modern complicated industrial society, the wonder is not the explosions and dissipations, but the progress and loyalty. It must be remembered that emotion and enthusiasm are as necessary as conservatism and resignation in the coming of the Kingdom of God on earth . . . ." Prof. K. S. Latourette voel ongerus oor die hele aangeleentheid: „The multiplication of Bantu Protestant sects in S.A., now with a total of more than a million members, may be ominous. Springing from the soil, they can be interpreted as a forecast of what an indigenous African Christianity will be, divorced from the steadying influence of missionaries from the older Churches. They are a mixture of paganism and Christianity, and morally and intellectually their leadership and membership leave much to be desired . . . ." Prof. B. G. M. Sundkler staan ook negatief teenoor hierdie verskynsel en vat sy vernaamste beswaar

soos volg saam: „. . . . as an outcome of the Zulu Congregational Church there appeared . . . . . a Zulu Shaka Church". It is significant that here the pagan Zulu King turns into a Bantu Church Father. **The syncretistic sect becomes the bridge over which Africans are brought back to heathenism** — a viewpoint which stresses the seriousness of the whole situation. It can be shown how individuals and groups have passed step by step from a Mission church to an Ethiopian church, and from the Ethiopians to the Zionists, and how at last via the bridge of nativistic Zionism, they have returned to the African animism from where they once started . . . . . An overwhelming evidence from S.A. shows that the Independent church, tribal and nationalistic, and isolated from effective Christian teaching, is in the long run defenceless against the forces of old African heritage . . . ."

Dit skyn asof prof. Sundkler die kern van die saak saamvat. Om die bewegings langer aan hulle self oor te laat, kan katastrofale gevolge hê vir die Christendom in Afrika.

D. C. COETSEE.

P.U. vir C.H.O.

**BIBLIOGRAFIE.**


1. **Badenhorst, prof. C. H.:** Referaat gelewer voor die Volkskongres oor die Toekoms van die Bantoe in S.A., gehou te Bloemfontein, Junie 1956.
2. **Buell, R. L.:** The Native Problem in Africa — Vol. I and II, New York 1928.
3. **Gedat, Gustav-Adolf:** Wat groeit er uit dit Afrika? Franeker, 1952.
4. **Gerdener, Prof. dr. G. B. A.:** Recent Developments in the South African Mission Field, Kaapstad, 1958.
5. **Groves, C. P.:** The Planting of Christianity in Africa — Vol. III and IV, Londen 1955 en 1958.
6. **Farson, Negley:** Last Chance in Africa — Londen, 1951.
7. **Hodgkin, Thomas:** Nationalism in Colonial Africa — Londen, 1956.
8. **Sinodale Deputate van die Geref. Kerk in S.A.:** Omsendbrief no. 11 van 1958/59.
9. **Sundkler, B. G. M.:** Bantu Prophets in South Africa — Londen, 1948.

**N.B.** Van al die bronne hierbo genoem is dit slegs die boek van prof. Sundkler wat in sy geheel oor die onderhawige probleem handel.